



**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**  
**Reeks H: Inougurele Rede nr. 91**

**KULTUUR EN DIE OPLEIDING VAN  
ONDERWYSERS**

**Prof. A.M. Heyns**

Departement Sentrale Publikasies  
Potchefstroom Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys  
Potchefstroom  
1983

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir die menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die Wetenskaplike Bydraes moet gerig word aan:

Die Direkteur

Departement Sentrale Publikasies

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

2520 Potchefstroom Suid-Afrika

The University does not hold itself responsible for the opinions expressed in the publications.

Inquiries in connection with the Wetenskaplike Bydraes must be addressed to:

The Director

Central Publications Department

Potchefstroom University for CHE

2520 Potchefstroom South Africa

**ISBN: 0 86990 721 2**

Kragtens die Outeurswet, nr. 98 van 1978, mag geen gedeelte van hierdie boek gereproduseer word in enige vorm of op enige wyse, elektronies of meganies, met inbegrip van fotokopiëring, opnames of deur enige inligtingberging- of ontsluitingstelsel, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewers nie.

In terms of the Copyright Act, No. 98 of 1978, no part of this book may be reproduced or transmitted in any form or by any means, electronic or mechanical, including photocopying, recording or by any information storage or retrieval system, without the permission in writing of the publishers.

© 1983 Kopiereg voorbehou  
Dept. Sentrale Publikasies  
Potchefstroom: PU vir CHO

# **KULTUUR EN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS**

## **1. INLEIDING**

Sedert die jaar 1634, toe die eerste “Seminaire des maîtres d’école” in Frankryk opgerig is, tot op hede het die opleiding van onderwysers die aandag van die opvoedkundige wêreld opgeëis (POK, 1954:11). Proefnemings en ondersoekes is gedoen en uit die aard van die saak is rekening gehou met die besondere land se geskiedkundige agtergrond en met sy heersende behoeftes.

In ’n land met ’n uiteenlopende kulturele bevolkingsamestelling soos die Republiek van Suid-Afrika (RSA) en die Verenigde State van Amerika (VSA) ontstaan die vraag: Hoe moet daar in die opvoedende onderwys met die verskillende kultuurgroepe gehandel word?

Vir die opleiding van onderwysers is dit ’n aktuele aangeleentheid, veral vir die Onderwyskollege, wat met die opleiding van onderwysers vir die primêre skoolfasies gemoeid is, want dan is die kind in ’n baie sensitiewe stadium van sy lewe.

Daar moet in die opvoedende onderwys ’n weg gevind word tussen die twee uiterste pole van kultuurisolasië en kultuurintegrasie. Navorsing het aangetoon dat kultuurdifferentiasie die aangewese oplossing bied.

Om die rol van kultuur by die opleiding enigins te kan bepaal en begryp is dit eerstens nodig om vas te stel *wie* of *wat* die mens is. Die onderwyser is immers ’n mens wat opgelei is om met mense te werk!

## **2. MENSBEKOUING**

### **2.1 Wie of wat is die mens?**

Al die wesenstrekke van die mens is nie eenvoudig aantoonbaar nie. Elke wetenskap wat hom met die studie van die mens bemoei, byvoorbeeld die Biologie, Psigologie, Sosiologie en Antropologie, belig slegs ’n bepaalde uitgangspunt of aspek.

Die vraag: “Wat is die mens?” herberg ’n misterie wat nie deur die mens self verklaar kan word nie. Die teosentriese benadering bied ’n finaal gefundeerde antwoord: God is die Skepper en Beskikker van die mens. Die Christenopvoedkundige moet sy beskouings op die wetenskaplike bestudering van die werklikheid self baseer. Alhoewel daar in die Bybel geen

uitvoerige antropologie geskrywe word nie, vind die ernstige navorser daarin voldoende gegewens vir 'n wetenskaplike ondersoek oor die *wese en aard en God se bedoelinge* met die daarwees van die mens.

Daar het al baie opvoedkundige denkstrominge tot stand gekom as gevolg van die verskillende pogings in die verlede om 'n aanvaarbare antropologie saam te stel. In dié verband kan die benaderingswyse van byvoorbeeld die Idealisme, Realisme, Naturalisme en Behaviorisme genoem word. Ook vanuit die Christelike standpunt het daar beskouinge oor die wesenmerke van die mens ontstaan.

Egte en ware kennis van die mens is afhanklik van egte en ware kennis van God. Geen enkele bekende wetenskap — en dit sluit die Teologie sowel as die Filosofie in — wat met die mens te make het, is in staat om alle kennis van die mens en God en die mens se verhouding tot God te verskaf nie. Hierdie sieldeursoekende kennis word deur Dooyeweerd (1969:13) soos volg opgesom: “Hierdie sentrale kennis kan die resultaat wees slegs van Gods Woordopenbaring, werkende in ons hart — die religieuse sentrum van ons bestaan — deur die krag van die Heilige Gees”.

So gesien kan gesê word dat die mens 'n wese met 'n “hart” is. Hierdie wese is gestruktureer van vier komponente van die werklikheid, naamlik die religieuse, individuele, die modale en temporale struktuurmomente.

### *2.1.1 Die mens is 'n wese met 'n “hart”*

Wanneer van die “hart” van die mens gepraat word, dui dit geensins op die vleeslike of fisiologiese hart met sy funksie as pomporgaan vir die bloed nie. Dit dui op die *diepste wese* van die mens, die *kern* van sy persoonlikheid; dit wys op die *wortel* van sy bestaan as mens (Van der Walt, Dekker & Van Wyk, 1979(1):49). Dit is in die “hart” van die mens waar die motiewe vir sy dade gesetel is. In Spreuke 4:23 lees ons: “Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe”.

Dit is in die “hart” waar die afval en opstand teen God ontbrand het wat tot die sondeval van Adam gelei het, waarmee hy ook die hele kosmos die toorn van God laat erwe het. Maar uit genade word die gelowige deur die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, van die sonde verlos. Deur die soenverdienste van Christus word die “hart” herskep en keer die mens met sy hele “hart” na die diens van God terug.

Alle mense is dan in beginsel, in skepping, sondeval, genade en verlossing gelykwaardig voor God die Skepper (Rom. 3:22-24). Hieruit volg dat die

mens 'n religieuse wese is. Dit is dan ook een van die struktuurmomente van die werklikheid.

### 2.1.2 *Die mens is 'n religieuse wese*

Religie is die verwantskap tussen God en mens en omsluit die ganse menslike bestaan en is gesetel in die "hart" van die mens. Religie rig die mens na God of weg van God. God het met die mensheid sy verbond opgerig. Deur Adam het die mensheid hierdie verbond verbreek en is die vloek op die mens gelê. Maar in Christus, die tweede Adam, is die herstel moontlik gemaak omdat Hy as Middelaar die vloek op Hom geneem het. Hoewel nie alle mense die verlossingsgenade deelagtig word nie, het hulle 'n god of afgod. Selfs die atëis moet vir hom iewers iets visualiseer. Niks in die menslike lewe val buite die religie nie (Spier, 1946:15).

Elke mens is 'n religieuse wese, en alle mense is dus in hierdie opsig *gelykwaardig*, maar nie almal huldig dieselfde religieuse sieninge nie; alle geloof het nie dieselfde inhoud nie, en gevolglik is alle mense *nie gelyk of dieselfde nie*.

Ons uitgangspunt in die opleiding van onderwysers is dan ook dat alle opleiding op alle vlakke in diens staan van die *terugbinding* van die kind — as afvallig — aan sy religieuse wortel.

Dit blyk dus dat elke mens 'n bepaalde individualiteit besit.

### 2.1.3 *Die mens is 'n individuele wese*

Alles wat in die werklikheid voorkom, het 'n individuele struktuur, met ander woorde dit het 'n eie kenmerkende samestelling of wetmatige opbou.

Die menslike individualiteit is 'n onskeibare eenheid van siel en liggaam (Van der Walt *et al.*; 1979(1):92). Elke mens is as 'n oorspronklike en unieke self geskep, en alhoewel hy ooreenkomste met ander mense toon, is hy tegelyk anders as elke ander mens. Selfs nie eens die vingerafdrukke van identiese tweeling is dieselfde nie; trouens, nêrens in die skepping vind herhaling plaas nie. Geen twee blare aan dieselfde boom is identies nie.

Elke mens is 'n unieke, aparte gedagte van God, 'n oorspronklike kunswerk van die Skepper, 'n onherhaalbare, onherleibare persoonlikheid, en dit is alles so omdat die mens na die beeld van God geskep is (Van der Walt *et al.*, 1979(1):134). Alle dinge as skeppinge van God besit dus bepaalde eienkappe of modaliteite, dit wil sê die mens is ook 'n modaal bepaalde wese.

#### 2.1.4 Die mens is 'n modaal bepaalde wese

Hieronder word verstaan die synswyses, bestaanswyses, wetskringe, aspekte of eienskappe van alle dinge wat realiteit besit, dit wil sê aspekte van die werklikheid.

Sommige denkers, byvoorbeeld die ondersteuners van die Wysbegeerte van die Wetsidee, het tot die slotsom gekom dat daar vyftien modaliteite of bestaanswyses van die werklikheid is. Dit sluit in die getalsaspek as die mins gekompliseerde tot die geloofsaspek, dit is die “hoogste” of mees gekompliseerde funksie van die mens, dit is die vaste vertrouwe in die Oorsprong (oorsprong) van alle dinge. In Hebreërs 11:1 word dit mooi gestel: “Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie”. Diegene wat nie in God Drie-enig glo nie, het bewys of onbewys 'n ander god of afgod, want alle mense glo, in welke moderne vorm ook al (Kalsbeek, 1970:100).

Die vyftien modaliteite funksioneer binne vier onderskeibare liggaamstrukture, naamlik die *fisies-chemiese*, die *biotiese*, die *psigiese* en die *normatiewe aktstruktuur*. By nadere ontleding van die funksies volg die oortuiging dat alle mense al vyftien aspekte deelagtig en dus *gelykwaardig* is, maar die ontsluiting daarvan vind nie by almal op dieselfde wyse, vlak of diepte plaas nie en daarom is mense *nie gelyk nie*.

#### 2.1.5 Die mens is 'n tydse wese

Die bestaan van die mens op aarde is 'n tydelike bestaan waarin die modaliteite of aspekte onderskei maar nie geskei kan word nie. Dit vorm 'n ineengevegte samehang, saamgevoeg deur God in die menslike liggaam as uitdrukkingsveld van die selfheid van elke mens (Kalsbeek, 1970:92).

God het die *tyd* saam met die kosmos verorden. Hy is self nie aan tyd onderworpe nie. Hy is ewig — bo die tyd. Alle geskape dinge, ook die mens, bestaan in die tyd. Die tyd begrens ook die doen en late van die mens. Daarin is alle mense ook *gelykwaardig*. Sommige geniet egter 'n langer leeftyd as ander; sommige benut hulle tyd beter of kan weens die individualiteitstruktuur in 'n ooreenstemmende tydsbestek meer vermag. Gevolglik is mense ook in hierdie opsig *nie gelyk nie*.

## 2.2 Gevolgtrekking

Die Christelike antropologie, soos kortliks uiteengesit, lei die opvoeder daartoe om die *gelykwaardigheid* van alle mense te aanvaar, maar weens die

duidelike *individualiteitstruktuur* van die mens is mense *ongelyk*, en daarmee sal wel deeglik rekening gehou moet word in die beplanning en die praktyk van die opleiding van onderwysers, want die beginsel van *gelykwaardigheid* en *ongelykheid* van mense kom in 'n *gedifferensieerde onderwysstelsel* op ideale wyse tot uitdrukking.

Daarteenoor is die gelykskakelingsideale van die moderne wêreld 'n uiterste dwaling, want dit skep verwagtinge by mense waaraan nie voldoen kan word nie, bloot omdat mense en volke nie eenders is of kan wees nie.

'n Uiters belangrike aspek wat veroorsaak dat mense en volkere verskil, is die kulturele aspek. Daarom sal nou 'n saaklike struktuurontleding van kultuur gemaak word.

### **3. DIE STRUKTUURONTLEDING VAN KULTUUR**

#### **3.1 Kultuur as universele verskynsel**

Die skeppingsdaad van God soos beskrywe in Genesis 1:1 tot en met Genesis 2:15, waar die mens in die tuin van Eden geplaas is, is natuur. Dit sluit alles in: die grond, water, lig, maan, sterre (dit wil sê die stof), plante, diere en mense. Maar vanaf Genesis 2:15, waar die mens die kultuuropdrag kry om die tuin "te bewerk en te bewaak", vanaf daardie oomblik het kultuur begin. Die *natuur* wat deur God aan die mens gegee is, is die mens se eerste wêreld. *Kultuur* is die tweede wêreld, waar die mens in gehoorsaamheid aan God se opdrag die natuur deur sy kultuurarbeid en -aktiwiteite omskep. Alle mense het die kultuuropdrag ontvang (Stoker, 1967:133), daarom is kultuur 'n universele verskynsel.

'n Identieke kenmerk van kultuur is die verskeidenheid wat gevorm is deur verskillende volke soos hulle histories versprei en bestaan het. Dit is egter opvallend dat in alle kulture sekere basiese kenmerke of uniformiteite vertoon word. In alle kulture vind 'n mens een of ander vorm van godsdiens, regering, regstelsel, sosiale strukture, gesinsverband, taal, kuns, onderwysstelsel en nog veel meer (Merrill, 1965:132-133). Hierdie universele kenmerke of aspekte sal wel, wat besonderhede betref, by die afsonderlike kulture verskil, sonder dat dit aan die algemene kenmerke van kultuur enige afbreuk doen.

Ten spyte van die feit dat die mens al eeue lank besig is om oor die begrip kultuur te besin, is daar nog nie 'n algemeen geldende en bevredigende omskrywing daarvan gegee nie, omdat alle mense nie dieselfde betekenis aan die woord *kultuur* heg nie of verskillende fasette van kultuur neem en dié

oorbeklemtoon.

By 'n woordontleding kan die begrip kultuur nagespoor word tot by die Latynse woord *cultus*, wat "diens" beteken, en *cultura*, wat na behouing, versorging of versiering verwys, met ander woorde arbeid (Van der Wateren, 1979:48). Die begrip kultuur bestryk dus die volle *aksieradius* van die menslike lewe. Malherbe (1977:14) het die begrip in die volgende breë omskrywing treffend raakgevat: "Kultuur is alles van grondbewerking tot skeepvaart en maanreise; van Jubal se siter en fluit tot die magistrale oratoriums van Händel; van die minneliedjie tot die grootste letterkundige verbeelding van Dante en Shakespeare; en van die kennis van bome te snoei tot die fynste biologiese ondersoek in die laboratorium; van die familiehoof se beslegting van 'n geskil tot die wydste regbank van ons tyd; van die nederigste hut tot Windsor Castle; van Abraham'se klipaltaar tot die Gotiese Domkerk". Kultuur is dus die geakkumuleerde en steeds wisselende, saamgestelde en gemeenskaplike besit van die mens, soos deur elke volk volgens eie aard *verbesonder*.

Die verskillende aspekte van kultuur soos dit tot eenheid vervleg is, vorm die kultuurpatroon van 'n volk. Die een aspek beïnvloed of vind weerklank in al die ander, daarom sal die godsdienstige aspek weerklank vind in die ekonomiese aktiwiteite, politieke lewensfeer en so meer maar veral in die onderwysstelsel van 'n volk, waarvan onderwysersopleiding 'n belangrike komponent vorm (vgl. Coertze, 1965:43-44).

### **3.2 Kultuur word verwerf, oorgedra en is kumulatief**

Kultuur word nie in isolasie geskep nie maar wel deur die wisselwerking en samewerking van mense. Die huisgesin is die kleinste en eenvoudigste sosiale eenheid en die primêre bron van kultuurontwikkeling.

Die mens, in vergelyking met die dier, se *instinkte* is nie so verfyn en aangepas vir oorlewing as die van die dier nie. Hy moet die meeste dinge wat hy doen, aanleer, byvoorbeeld hoe om te eet, skoene vas te maak, hare te kam en gereedskap te hanteer. Hierdie vermoëns is nie biologies oorerflik nie maar word deur sosiale interaksies verwerf (Bierstedt, 1970:124). *Kultuurgoedere word dus deur geestesarbeid verwerf*. In die proses van verwerwing van kultuur speel die huisgesin 'n besonder basiese rol, terwyl maats, kommunikasie-middele en veral die skool belangrike bydraes lewer. Die opleiding van onderwysers moet dus so verloop dat daar aansluiting gevind word by die leefwêreld van die kinders wat daardie onderwysers uiteindelik met opvoedende onderwys sal bedien.



Die feit dat kultuur verwerf en dan oorgedra word en boonop akkumulatief is, vorm 'n hegte band met opvoeding en onderwys. Tereg konstateer Barnard (1981:56) dat “onderwys kultuuroordrag” is.

### **3.3 Die funksies van kultuur**

Die lewenspatroon van individue en ook van volke of gemeenskappe word deur biologiese, demografiese en geografiese faktore beïnvloed (Bierstedt, 1970:25). Dit is egter kultuur wat die grootste invloed op die lewenspatroon van 'n mens of volk uitoefen en bepalend daarop inwerk. Dit is in 'n groot mate aan kultuur te danke dat daar tussen individue en tussen volke onderskei kan word. Kultuur raak die lewe van die mens op alle terreine op so 'n wyse dat die lewe daarsonder, indien nie onmoontlik nie, dan wel sinloos sou wees. Mens en kultuur is dus van mekaar afhanklik. Die aanpassing van die enkeling by die besondere groep waarin hy gebore is, vind veral in die vroegste jare deur enkulturasie plaas. Sy karakter, persoonlikheid en leefwyse sal daarna die stempel dra van die kultuur waarmee hy tydens sy ontwikkelingsjare in aanraking gekom het. Terselfdertyd oefen kultuur ook 'n *regulatiewe funksie* uit. 'n Algemene uitdrukking wat deur ouers en onderwysers gebruik word, is: “Dink wat jy doen”. Hierdie waarskuwing is egter nie op die geroetineerde daaglikse program, dit wil sê vir handelinge wat feitlik outomaties geskied, van toepassing nie. 'n Man wat in die oggend opstaan, sal byvoorbeeld sonder bepeinsing eerder op 'n skeermes as op 'n knipmes besluit om sy baard te skeer. Die hoofdoel van die meeste kultuurnorme in 'n gemeenskap is om besluitneming vir die meeste sosiale geleenthede of situasies te verminder. Sonder kultuurnorme sou die mens van oomblik tot oomblik met keuses gekonfronteer word wat die lewe sou bemoeilik.

In die onderwysstelsel en die opleiding van onderwysers moet daar dus rekening gehou word met die belangrikheid van kultuuroordrag en wat bepaalde kultuurnorme vir die gemeenskap beteken. Die onderwyser moet daartoe in staat wees om elke kind tot volkome volwassenheid te lei en verseker dat kennis en kultuur tot volheid sal gedy (Dawson, 1961:132).

## **4. DIE ROL VAN KULTUUR IN DIE ONDERWYS**

### **4.1 Doel van opvoedende onderwys**

Met opvoeding word bedoel die doelbewuste handeling waardeur volwassenes poog om kinders ten goede te beïnvloed en om die kinders ooreenkomstig bepaalde vakinhoude ook vir dié volwasse lewe toe te rus. In die skool vind opvoeding sowel as onderwys plaas, sodat gesê kan word: In

die skool geskied opvoedende onderwys.

#### 4.1.1 *Egte sowel as ware (Christelike) opvoedende onderwys*

Die Christenopvoedkundige wil sy taak en roeping nader omskryf. Hy wil sy opvoeding meet aan die Skrif volgens 2 Tim. 3:16-17, naamlik: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”. Na my mening voldoen die omskrywing deur Van der Walt en Dekker (1979(2):36) die beste aan hierdie eis, naamlik: egte sowel as ware opvoeding is die “doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby (’n) mondige perso(o)n(e) wat uit liefde vir God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot die kosmos (’n) onmondige perso(o)n(e) help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding om God met sy hele lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring”.

#### 4.1.2 *Onderwys is essensieel kultuuroordrag*

Dit is duidelik dat opvoeding en onderwys nie in ’n neutrale milieu kan plaasvind nie. Alle opvoedende onderwys, informeel, formeel of nie-formeel, vind altyd plaas binne die tyd en bepaalde omgewing wat histories, sosiaal, kultureel en goedsdienstig bepaal is (Gunter, 1977:435, Schutte, 1981:12). ’n Neutrale kleurlose menslike omgewing, waarin daar niks is om aan die nageslag oor te dra nie, bestaan nêrens nie. Die Verenigde Volkeorganisasie (VVO), die Organisasie van Afrika-teenheid (OAE) en selfs Soweto se Komitee van Tien aanvaar dat onderwys kultuur- en volksgebonde moet wees om te kan slaag (Hartzenberg, 1981:9).

Kultuur word oorgedra en verwerf, en al word dit van die vorige geslag oorgeërf, is dit ’n *sosiale* en nie ’n *biologiese* erfenis nie, ’n tradisie van leer en aanleer, ’n akkumulering van kennis, gemeenskapsgebruik en gewoontes, waarby die enkeling ingelyf word. Kultuur kan dus nie van opvoeding en onderwys en dus by implikasie van onderwysersopleiding geskei word nie. Gevolglik is dit ook in die opleidingsproses van onderwysers nie moontlik om die handeling in ’n *neutrale of kultuurlose milieu* te laat plaasvind nie. Die kultuur moet juis doelbewus en doelgerig verdiep en verryk word sodat die onderwyser met gemak en selfvertroue kinders kan hanteer en ten volle begryp.

### 4.1.3 *Kultuur bepaal die partikuliere onderwysdoel*

Botha (1975:21-22) stel dit dat geen mens werklik in staat is om hom los te maak van die opvoedkundige idioom waarin hy geskool of tuis is nie. Hoe prysenswaardig die ideale van die opleiding van onderwysers ook al mag wees, as dit nie in harmonie met die milieu is nie, sal dit nie aan die totale toerusting van die onderwyser reg laat geskied nie, en so 'n onderwyser sal skade aan die kind se opvoeding berokken. Hierdie waarheid word vandag in lande soos die VSA, Brittanje en Israel en selfs Rusland al meer en meer besef en aanvaar (Hoopes en Pusch, 1979:4).

## 4.2 **Kultuur en die verborge kurrikulum**

Die verborge kurrikulum pogg om erkenning te gee aan die wye gebied wat deur die opvoedingshandeling buite die formele program van opleiding gedek word. Dit sluit in die volle buitemuurse program en inwoning in koshuise met die stelsel van besture, verenigings, klubs en veral die wisselwerking tussen dosent en student en studente onderling en veral die wyse waarop *sin* gegee word aan die wisselwerkende ontmoeting.

Die verborge sowel as die formele kurrikulum moet kultuurgebonde wees indien dit die optimum resultaat wil bewerkstellig (Barnard, 1981:43-44; Reynolds en Skilbeck, 1976:116-125).

Een van die grootste probleme van Swart onderwys in die RSA is nog steeds, volgens Mphahlele, dat die kurrikulum vir die onderwys wat Swart kinders ontvang, vir hulle niks sê van die wêreld waarheen hulle na skool terugkeer nie. "The white education system was not the answer for blacks" (Gordon, 1981:463). Die onderwys is te Europees georiënteerd, terwyl Suid-Afrika 'n Afrikaland is. W. Kgware (1977:17), die gewese rektor van die Universiteit van die Noorde, se standpunt was: "Integrasie van Swart en Wit in 'n eenvoudige skoolstelsel in Suid-Afrika sal 'n misdad teenoor die Swartes wees".

'n Nederlandse geleerde het na besoeke aan Swart universiteite die redes vir die weerstand teen die wegbeweeg van die Blanke deur Swartes soos volg opgesom. Ek haal Maritz (1979:81) in die verband aan: "Ky na die (Swart) student waar hy in die klas sit. Sy skoene, broek, baadjie, die pen in sy hand, die boek voor hom, die letters in die boek en die taal van die boek is alles uit die Blanke kultuur. Uit sy eie kultuur is daar niks wat as waardig genoeg geag word nie. Daarin lê die oorsaak van sy bitterheid en daarom bestaan soveel haat op Swart kampusse. Onthou daarby dat jy 'n mens kwalik meer kan belêdig as om hom in 'n ander kultuur as sy eie te plaas en *hom daarin*